

HOOFSTUK 2

DIE OUER AS PRIMÊRE OPVOEDER SE BETROKKENHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om meer lig te werp op die navorsingsprobleem wat reeds in Hoofstuk 1, paragraaf 1.2 gestel is, naamlik of die betrokkenheid van individuele blanke ouers by die opvoedende onderwys van hul kinders op primêre skoolvlak in Suid-Afrika na wense is.

By wyse van besinning oor, of benadering van die probleem, moet sekere sleutelbegrippe soos “ouergemeenskap” en die “onderwysstelsel” gereduseer word tot wat daaraan ten grondslag lê, te wete “ouers, opvoeding en onderwys”. Sodanige insae lei weer tot die opvatting dat die gepostuleerde probleem herleibaar is tot die persone of samelewingsverbande wat vir die kind se opvoedende onderwys verantwoordelik is of moet wees.

In die onderhawige ondersoek sal gelet word op die verhouding waarin die gesin en skool tot mekaar staan, en die mate waarin die individuele ouer nog seggenskap mag hê of moet hê in die gebeure wat in en om die skool plaasvind.

Namate die samelewing meer en meer gekompliseerd geraak het, beskik die ouers nie meer oor die kundigheid om hul kinders tuis te onderrig nie. Uit die onvermoë van die ouer om in die hele opvoeding van die kind te voorsien, het die skool as ’n hulpinstelling ontstaan. “Solank die opvoeding wat in die skool plaasvind in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer is, kan dit net bydra tot ideale verhoudinge tussen die huis en die skool gesien vanuit ’n Christelike perspektief” (Niemann, 1985:56).

Beligting van die taak en struktuur van die samelewingsverbande asook die begrip “lewensopvatting” met betrekking tot die opvoedende onderwys van die kind is imperatiewe vir die verloop van hierdie studie, omdat ouers ’n rol te vervul het in die samelewingsverbande en ook omdat hulle lewensopvatting bepalend kan wees in hulle betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys.

2.2 DIE IMPLIKASIES VAN 'N LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING (LEWENSOPVATTING) VIR OUERLIKE OPVOEDENDE ONDERWYS

2.2.1 Vooraf

Daar bestaan verskillende en uiteenlopende omskrywings van die begrip “lewens- en wêreldbeskouing”. Twee hoofstrominge kan hier geïdentifiseer word, naamlik dié wat die begrip “lewens- en wêreldbeskouing” verkies en ’n ander groep wat verkies om die begrip “lewensopvatting” te gebruik. Alhoewel die tweede groep meen dat die begrippe “lewens- en wêreldbeskouing” en “lewensopvatting” na aan mekaar lê, is dit tog nie identies nie (Landman *et al.*, 1979:117).

Enkele menings van verskillende navorsers gaan ondersoek word ter verheldering van die begrippe “lewens- en wêreldbeskouing” sowel as “lewensopvatting”.

Die implikasies van ’n lewensopvatting vir ouerlike opvoedende onderwys gaan ook ondersoek word omdat opvoeding altyd lewensopvatlik bepaal word.

2.2.2 Lewensopvatting

Popma meen dat dit verkeerd is om te praat van ’n “lewens- en wêreldbeskouing” asof dit ’n onlosmaaklike eenheid vorm (Landman *et al.*, 1973:81).

Verder beskou Popma (1961:97) die lewensopvatting as ’n geïntegreerde bestanddeel van die lewenspraktyk omdat die mens nooit sonder ’n lewensopvatting kan wees nie en gedurigdeur sy eie lewe in oënskou neem. In dié beskouing staan die mens nie buite die praktyk nie, maar leef hy hom daarin uit.

So gee Rautenbach (1940:3-4) ’n omskrywing van ’n lewensopvatting as hy dit soos volg beskryf: “Die wêreldbeskouing moet staan op die vaste bodem van die werklikheid as geheel, die werklikheid as totaliteit. Die lewensopvatting moet aansluit by die werklikhede van die menselewe.”

Oberholzer (soos aangehaal deur Van Zyl, 1975:195) beskryf die lewensopvatting weer as “die totaal van oortuiginge aangaande die lewenswaardevolle as die lewensverpligende en die mensopeisende”. Hy voer ook verder aan dat ’n lewensopvatting so goed is as ’n aangeleentheid wat in verband staan met die inhoudelikheid van die grondhouding waarvan ’n mens blyke gee ten aansien van die lewensomringende en lewensverpligende. Ook dat

die inhoud van die grondhouding onlosmaaklik verbind is aan die vraagstuk van die hoogs waardevolle, dit wat betekenis gee aan die menslike bestaan en wat 'n deurslaggewende invloed uitoefen op die lewe en handeling (Landman *et al.*, 1975:71).

2.2.3 Lewens- en wêreldbeskouing

Daar word ook kortliks aandag geskenk aan enkele navorsers wat die begrip “lebens- en wêreldbeskouing” voorstaan.

Stoker (1967:13) meen dat 'n “lebens- en wêreldbeskouing” die grondslag vorm van al die mens se handeling. Dit is ook die mens se diepste dryfvere en beweegredes vir sy doen en late. Ook gee dit uitdrukking aan die eintlike en diepste sin van wat die werklikheid vir die mens inhou.

Die beskouing van Du Plooy *et al.* (1983:332) is dat die saamgestelde terme te wete “lebens- en wêreldbeskouing” die mees omvattende begrip is. Dit is volgens Du Plooy 'n beskouing oor die werklikheid, God of 'n god en die mens en hulle onderlinge samehang.

Vir die doeleindes van die navorsing is lebens- en wêreldbeskouing en lewensopvatting sinoniem aan mekaar en om praktiese redes sal daar slegs van een term gebruik gemaak word, naamlik “lebensopvatting”.

2.2.4 Die implikasies van 'n lewensopvatting vir ouerlike opvoedende onderwys

Voorts word aandag geskenk aan die eienskappe of kenmerke van 'n lewensopvatting om die implikasies daarvan vir ouerlike opvoedende onderwys te bepaal.

Dit is duidelik dat elke mens 'n besondere lewensopvatting het. Iedere mens besit sekere oortuigings, oortuigings wat hom lei in alles wat hy doen en laat. Dit is slegs by hoogste uitsondering dat die mens iets sal doen wat nie met sy oortuiging strook nie (Van der Walt, 1983b:12).

Die lewensopvatting, wat gegrond is op die religieuse grondmotief wat op die hart van die mens beslag lê, se primêre religie bly onveranderd, maar die uitingsvorme daarvan is dinamies. Opregte en ware godsdiensbeleving deur die ouers kan ook daartoe lei dat hulle hul kinders onvoorwaardelik aanvaar as individue en skepsele van God. Dit versterk ook die kinders se selfbeeld en selfbegrip omdat hulle die kroon van Gods skepping is deur Christus (Postma, 1985:14-16).

'n Lewensopvatting is nie 'n oorgeërfde gegewe nie. Dit moet verwerf word. Die kind word binne 'n besondere milieu groot, en die mense in 'n bepaalde milieu sal waarskynlik 'n oorheersende beskouing hê aangaande die wêreld, die mens, die waardevolle, die sedelike en die waarheid. Die noodsaaklikheid van 'n monovalente opvoedingsmilieu in die vroeë kinderjare word hier beklemtoon. Omdat kennis 'n belangrike komponent vorm van 'n mens se lewensopvatting is die ouers se beskikbaarheid ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys uiters belangrik. Deur betrokke te raak kan die ouers hulle kinders motiveer deur middel van doelgerigte opvoedende onderwys (Du Plooy *et al.*, 1983:331 en Van Elfen, 1973:159).

Die kind verwerf 'n eie lewensopvatting deur toenemend te lewe volgens die eise van behoorlikheid en openbaar in sy keuse en handeling in hoeverre hy gevorder het op sy weg na onvoorwaardelike gehoorsaamheid daarvan. Ouers wat 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep kan hulle kinders ondersteun en lei tot onvoorwaardelike gehoorsaamheid (Landman *et al.*, 1978:136).

Die feit dat 'n lewensopvatting nooit finaal is nie, kan toegeskryf word daaraan dat die lewensopvatting deel uitmaak van die lewende mens wat kultuurvormend, -werkend en roepingsvervullend die aarde in opdrag van God beheers, onderwerp en benoem. Omdat die lewe groei en verander, en die lewensopvatting ook nie stilstaan nie, kan die ouers wat as kultuurdraers moet optree, bydra dat hulle kinders daarmee saam groei (Postma, 1985:14; Van der Walt, 1983b:38-39).

Sodra 'n mens sedelike selfstandigheid bereik, tree daar 'n redelike mate van konstantheid in. Daar kan 'n hoë mate van konstantheid bereik word, maar dit beteken nie dat verstarring sal intree nie. Die betekenis hiervan is dat 'n lewensopvatting koers in die lewe van 'n mens bring. 'n Lewensopvatting van 'n ouer gee dus sin aan die kind se verhouding tot ander mense, dinge en idees (Du Plooy *et al.*, 1983:331).

Geen ware opvoeding is denkbaar sonder die sentrale en rigtinggewende krag van 'n lewensopvatting nie. Coetzee (1944:28, 32) wys ook daarop dat lewensopvatting en opvoedingsrigting nou met mekaar verweef is. Geen opvoedingsbeweging is sonder 'n fundamentele lewensopvatting nie.

Elke lewensopvatting het sy historiese wortels. Daar word van verskeie tipe lewensopvattinge gepraat, soos byvoorbeeld die Westerse en Oosterse lewensopvattinge. Ook is dit duidelik dat dit wat kenmerkend Westers of Oosters is, nie in alle Westerse of Oosterse lande op dieselfde wyse vergestalt word nie. Die Westerse denke het in Amerika en Suid-Afrika

elk op 'n ander wyse gestalte gekry vanweë 'n besondere verloop van die geskiedenis (Van Zyl, 1975:195).

Waar individuele persone met gemeenskaplike geskiedenis, religieuse ingesteldheid, sin vir waardes, oortuigings, taal, kultuur, bodem en ideale tot 'n volk saamgesnoer word, word die lewensopvatting van 'n volk sigbaar. Alhoewel individuele ouers wat aan dieselfde volksgroep behoort van mekaar mag verskil op baie terreine, is dit hulle gemeenskaplike waarderingslewe wat hulle in die breëre stroom in dieselfde rigting laat beweeg (Du Plooy *et al.*, 1983:333).

Mense lewe ooreenkomstig 'n bepaalde lewensopvatting wat partikulier gevorm is. So 'n lewensopvatting is essensieel eie aan die lewe self nieteenstaande die feit dat die aard, inhoud en struktuur daarvan van mens tot mens, volk tot volk, kultuur tot kultuur, kan of mag verskil. Dit beteken dat die ouers as opvoeders, deur betrokkenheid in hulle kinders se opvoedende onderwys, doelbewus lewensopvatlike inhoude aan hulle kinders voorhou en voorlewe met die uitsluitlike doel dat hulle kinders dit sal aanleer en in hulle lewe sal verwesenlik (Sonnekus *et al.*, 1979:351-352).

Die verskille kan ook in 'n hoë mate aan die persoonlike verwerking van invloede toegeskryf word. Invloed van die ouerhuis, kerk, staat, skool, gemeenskap, die algemene kultuurpatroon as opvoedingsmilieu, asook invloed van die natuur en die breë samelewingsverbande is verantwoordelik daarvoor dat kinders en volwassenes van mekaar verskil (Van Zyl, 1975:196).

'n Verdere kenmerk van 'n lewensopvatting is dat dit 'n gemeenskapsoortuiging is, wat gegrond is op 'n religieuse grondmotief van die gemeenskap. Gewoonlik vorm so 'n gemeenskap 'n hegte eenheid en het die lede van die gemeenskap ooreenstemmende kenmerke soos 'n eie taal, eie identiteit en dieselfde herkoms (Van der Walt *et al.*, 1982:154-164).

Die verwerwing van 'n lewensopvatting is 'n gebeure waaraan 'n kind self aktief moet meewerk terwyl die volwassene (ouer) die kind moet steun deur opvoedende onderwys (Sonnekus *et al.*, 1979:359).

Die ouers as primêre opvoeders van hulle kinders, is die belangrikste vormers van hulle kinders se lewensopvattinge. Reeds sedert die kind se geboorte vind die vorming van sy lewensopvatting plaas. Gedurende die eerste vyf of ses van die kind se lewensjare vind die belangrikste vorming plaas, en omdat die meerderheid blanke Afrikaanse kinders deur

hierdie vormingsjare in Christen-ouerhuise grootword, is dit vir die ouers die aangewese tyd vir die vestiging van 'n ewewigtige lewensopvatting (Postma, 1985:18-19).

Omdat die ouer as primêre opvoeder van die kind wat deur God aan sy sorg toevertrou is, 'n groot opvoedingsverantwoordelikheid dra, speel die ouers se lewensopvatting 'n groot rol in die opvoedende onderwys van die kind. Ouerlike opvoeding het die totale kind as mens van God in die oog en die primêre opvoedingsbedrywigheid van die ouer sal sy merk laat op die uiteindelijke lewensopvatting van die volwassegeworde mens (Postma, 1985:12).

Die verdere relevansie van die begrip “lewensopvatting” vir die navorsingsprobleem is kortliks die volgende: Deur die onvoorwaardelike aanvaarding van die kind as kroon van God se skepping kan die kind gelei word tot 'n Christelike lewensopvatting, as die ouers hul kind daartoe opvoed.

Die ouers moet hulself ook beskikbaar stel om hulle kinders deur doelgerigte opvoedende onderwys te motiveer tot meerdere kennis van 'n bepaalde lewensopvatting. Die ouers is verantwoordelik om 'n geborgenheidsruimte vir hul kind te skep deur liefdevolle versorging van die kind, sodat die kind vryer sal voel om meer waagmoed aan die dag te lê om te eksperimenteer buite die huis, ook ten opsigte van die verwerwing van 'n eie lewensopvatting. In die gemeenskap moet die ouers hulself vereenselwig met die behoorlike gemeenskapooruiging sodat hulle die kultuur en lewensopvatlike van die gemeenskap aan die kinders kan oordra.

Die verskillende samelewingsverbande waaronder die huwelik, gesin, familie, kerk, staat en skool ressorteer, is deur God in aansyn geroep. Daar gaan vervolgens gekyk word na die begrip “samelewingsverbande” asook na die belangrikste samelewingsverbande en hulle bydrae tot die opvoedende onderwys van die kind omdat die ouers verteenwoordigend is hierin (Postma, 1987:79).

2.3 SAMELEWINGSVERBANDE

2.3.1 Vooraf

Volgens Stoker (1961:171) kan daar drie soorte samelewingsverbande onderskei word, naamlik primêre, sekondêre en losse verbande. Die primêre verbande soos die huwelik, gesin, volk, staat en kerk as instituut is deur God self ingestel. Die sekondêre verbande

soos die skool, fabriek en hospitaal word met 'n bepaalde doel deur die mens in die lewe geroep. Vir die doel van die navorsing word aandag geskenk aan enkele van die eerste twee soorte verbande. Die losse verbande wat deur die afwesigheid van 'n gesagsverhouding gekenmerk word, soos die vriendekring of 'n buurskap, is in die navorsing nie relevant nie.

Omdat samelewingsverbande direk verband hou met die wese van die mens, en die mens opvoedbaar is, word aandag geskenk aan enkele van die belangrikste samelewingsverbande soos die gesin, kerk, staat, skool en bedryf, wat in 'n mindere of meerdere mate ook met opvoeding te make het. Aandag word aan die samelewingsverbande geskenk omdat die ouers van die leerlinge in die primêre skool, op een of ander manier betrek is by al laasgenoemde samelewingsverbande.

In die navorsing oor die blanke ouer se betrokkenheid by sy kind se opvoedende onderwys word die samelewingsverbande gesien as strukture wat gevorm is deur individue. Die individue is meestal ouers wat 'n betekenisvolle rol speel in die samelewingsverbande.

Die doel met die navorsing van die samelewingsverbande is om vas te stel of die mense in en deur die samelewingsverbande die kinders as skepsels van God aanvaar. Daarnaas moet bepaal word of die samelewingsverbande 'n rol te vervul het in die opvoedende onderwys van die kind in die primêre skool.

Die betrokkenheid van die samelewingsverbande by die skepping van 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer en die rol wat die ouer daarin speel, gaan ook ondersoek word.

Die mens leef in en deur die samelewingsverbande wat hy tot stand bring om in sy bepaalde behoeftes te voorsien (Van Schalkwyk, 1981:79). Hierdie samelewingsverbande hou direk met die wese van die mens verband. Die ouer, wat as primêre opvoeder van die kind ook verbonde is aan die samelewingsverbande, se rol deur middel van die samelewingsverbande ter bevordering van die kind se opvoedende onderwys, sal ook belig word.

2.3.2 DIE OUERHUIS

2.3.2.1 Die struktuur van die ouerhuis

2.3.2.1.1 Inleiding

'n Duidelike onderskeid is te bespeur tussen die huwelik en gesin as samelewingsverbande. Wanneer twee mense van verskillende geslagte, naamlik manlik en vroulik met mekaar

in die eg verbind word ontstaan 'n huwelik. Indien daar uit die biotiese vereniging of deur aanneming van die huweliksgenote 'n kind bykom, kom 'n gesin tot stand. 'n Volledige huisgesin bestaan uit 'n vader, moeder en kinders (Van Schalkwyk, 1981:90).

Die huisgesin word gevorm deur twee dele, naamlik 'n volwasse deel wat as ouers verantwoordelikheid aanvaar vir 'n onvolwassé deel wat as kinders afhanklik van hulle ouers is (Van Loggerenberg *et al.*, 1976:98).

Die huwelik, net soos die ouerhuis as samelewingsverband, vertoon die vier struktuur-momente van die werklikheid, naamlik die religieuse, temporele, modale en individuele struktuurmomente.

2.3.2.1.2 Die religieuse struktuurmoment van die werklikheid en die huwelik/gesin

Die huwelik vorm 'n deel van die werklikheid wat deur God geskape is (Postma, 1985:10). Dit was God self wat in Sy skeppingsplan die eerste huwelikspaar daargestel het, met die opdrag om te vermeerder (Genesis 1:28 en Genesis 2:18).

Omdat die huwelik deur God self ingestel is en omdat mense vandag nog trou, is die funderingsfunksie van die huwelik die kultuurvormende of historiese modaliteit. Deur liefde trou die man en vrou met mekaar en daarom is die bestemming of kwalifiseringsfunksie van die huwelik die etiese modaliteit (Postma, 1985:10).

In gehoorsaamheid aan die opdrag van God dat die mens moet vermeerder, word 'n kind in 'n besondere huisgesin die eerste opvoedingsgemeenskap, 'n deur-God-gegewe opvoedingstruktuur – gebore vir ouers aan wie God die primêre opvoedingstaak opdra (Kruger, 1983:31).

Die gesin kan gestalte neem in diens van God (anastaties) of in diens van 'n afgod (apostaties) (Postma, 1987:85). Dit bepaal hoe die ouer sy kind opvoed.

2.3.2.1.3 Die tyd- of temporele struktuurmoment van die werklikheid en die huwelik/gesin

Die huwelik is in sy hele wese gebonde aan tyd. Met die begin van verliefdheid, tydsduur van verloofdheid en ook getroude lewe word hierdie lewenswerklikheid gebind aan tyd. Die huwelik se bestaan eindig nie as kinders gebore word nie; intendeel, die huwelik en die gesin is enkapties met mekaar vervleg (Strauss, 1978:267).

Volgens Dooyeweerd (1969:100-104) word die bestaan van alle dinge deur tyd bepaal. God wat ewig is, het tyd saam met die kosmos geskep en daarom is die ganse skepping onderworpe aan tyd. Tyd wat dinamies en voortdurend is, geld ook vir die ontstaan en ontplooiing van die gesin as 'n samelewingsverband. Die temporele faset van samelewingsverbande en in besonder dié van die gesin, impliseer dat daar 'n begin, 'n bepaalde duur en 'n einde vir die funksionering van die gesin is (Postma, 1987:86).

2.3.2.1.4 Die modale struktuurmoment van die werklikheid en die huwelik/gesin

Die huwelik openbaar in sy bestaanswyse al vyftien modaliteite waarvan daar sprake is in die modale struktuurmoment van die werklikheid. Die modaliteite wat die produk van Dooyeweerd se denkarbeid is, sluit die volgende in: pistiese, etiese, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale, linguale, historiese, logiese, psigiese, biotiese, fisiese, kinematiese, ruimtelike en getalasppek. Die modaliteite het te doen met bepaalde grondtrekke (wetsy) van dinge wat in die werklikheid aangetref word (ook opvoeding) (Postma, 1987:94; Van der Walt *et al.*, 1983:68-88).

Die funderingsfunksie van die gesin, anders as die van die ander samelewingsverbande (ook die huwelik) waar 'n kultuurhistoriese funksie geld, is bioties omdat die samestelling van die gesin op bloedverwantskap berus (Postma, 1987:87).

Die bestemmingsfunksie van die gesin is geleë in die etiese funksie, want dit is die taak en roeping van die huisgesinslede om mekaar lief te hê. Die huisgesin moet intern onderlinge liefde beoefen en as eksterne doelordening gebring word tot medediensbaarheid aan ander samelewingsverbande (Taljaard, 1963:9).

2.3.2.1.5 Die individuele struktuurmoment van die werklikheid en die huwelik/gesin

Elke gesin besit 'n eie individualiteitstruktuur. So het elke gesin, net soos die ander samelewingsverbande, 'n eie gesagsdraer en gesagstruktuur (Kalsbeek, 1970:202).

In terme van die individualiteitstruktuur van die werklikheid, openbaar die huwelik en so ook die gesin as samelewingsverband 'n unieke karakter of struktuur wat hom onderskei van die ander samelewingsverbande (Postma, 1985:10).

Die gesin vorm deel van ander samelewingsverbande, maar onderskei hom daarin dat 'n bepaalde gesin deel is van die kerk asook deel van die skool wat deur die kinders bygewoon word. Verder vorm dit ook deel van die beroepsgemeenskap (bedryf) waaraan die moeder en vader behoort en is ook deel van die staat of volk waarvan die gesinslede burgers is (Postma, 1987:55).

2.3.2.2 Die gesin gesien vanuit 'n opvoedingsperspektief

2.3.2.2.1 Inleiding

Die huisgesin is daardie samelewingsverband waarin die ouers en kinders in liefde, harmonie, gehegtheid, verantwoordelikheid en lojaliteit, respek en toegeneentheid met mekaar behoort saam te lewe (Barnard, 1984:195).

In 'n gesin word die intiemste verhouding van liefdevolle verbondenheid tussen ouer en kind voltrek, en die ouers dra die primêre verantwoordelikheid van die liggaamlike, psigiese en sosiale welsyn van die kind. Die kwaliteit van die huweliks- en gesinsliefde maak van die gesin die mees ideale opvoedingsmilieu (Pretorius, 1981:45).

Die voorafgaande dui op die ideale omstandighede vir die kind se opvoeding en kan dus nie veralgemeen word nie. Daar is ook faktore soos disharmonie, konflik en gebroke huwelike wat lei tot opvoedingsbelemmering. Opvoedingsverwaarloosing vind soms plaas en dit impliseer dat die ouer (opvoeder) hom ontoereikend bemoei met sy kind, met ander woorde die ouer word deur bogenoemde faktore gekortwiek om sinvol betrokke te raak by sy kind se opvoeding (Pretorius, 1976:19).

Die gesin moet 'n vaste lewensruimte besit, wat syne is en wat hy as syne aanvaar en waarin die kind homself kan wees en waarin hy vry en sorgeloos kan beweeg. Indien die ruimte nie bestaan nie, voel die kind bedreig. Hierdie huislike milieu is vir die kind 'n gestruktureerde gebied, 'n toevlugsoord, en die kind self is subjektief die kern daarvan (Pretorius, 1981:56).

Die lede van die gesin vorm gesamentlik 'n hegte, intieme liefdesgemeenskap. Sonder die saambindende band van liefde tussen die ouers onderling en tussen die ouers en kinders is 'n liefdesgemeenskap nie moontlik nie (Van Schalkwyk, 1981:91).

As 'n liefdesgemeenskap is daar onder andere sekere kenmerke by die gesin sigbaar. Hierdie kenmerke kom in die volgende paragrawe ter sprake.

2.3.2.2.2 Eenheidsgemeenskap

Die gesin is die mees natuurlike en primêre gemeenskapstruktuur waarin die gesinslede saamwoon, -leef, -doen, -voel, -glo en streef (Barnard, 1982:2141).

Die verskillende lede van die gesin word deur die liefdesband so saamgebind tot eenheid, dat hulle as gesin, gesamentlik as eenheid in die samelewing kan optree (Van Schalkwyk, 1981:91).

2.3.2.2.3 Vormingsgemeenskap

Deur liefde word die gesinseenheid geskep en vorm en slyp die verskillende lede mekaar. Deur liefde gebind, kan die gesinslede intiem verkeer, geestelik ontmoet en kommunikeer en mekaar in die lewe bystaan. Dit is dus 'n oefenskool vir die lewe self, waar ouers mekaar kan vorm en slyp, die ouers die kinders en omgekeerd, en so ook die kinders mekaar (Van Schalkwyk, 1981:91).

2.3.2.2.4 Opvoedingsgemeenskap

Die gesin is 'n opvoedingsgemeenskap in die sin dat dit 'n besondere situasie veronderstel waarin dit deel van die ouer se plig is om verantwoordelikheid te aanvaar om die kinders tot volwaardige volwassenheid te lei (Pistorius, 1971:32). Die opvoedingstaak van die ouers sluit die ontsluiting van die kind se hele aktstruktuur in (Schoeman, 1979:111).

2.3.2.2.5 Versorgingsgemeenskap

Die nie-volwasse gesinslede is afhanklik van die volwasse lede vir hulle fisiese versorging. Die ouers moet die verantwoordelikheid van die fisiese versorging en beskerming van hulle kinders in liefde aanvaar. Dus is die gesin fundamenteel 'n versorgingsgemeenskap (Roos, 1978:53).

2.3.2.2.6 'n Gemeenskap vir geborgenheid

Die ouers skep die veilige vertrouens- en ankerruimte wat die kind toereikend kan toerus vir sy toetreding tot die lewe daarbuite. Die ouer vorm dus 'n brug tussen die intieme geborgenheidsruimte en 'n komplekse en saaklike samelewing (Bredenkamp, 1986:6-7).

In die veiligheid en geborgenheid van die gesin waar die kind in liefde aanvaar word, leer die kind die leefwêreld van die volwassene ken en ontdek daarin struktuur en orde. Die kind ontdek en aanvaar ook daarmee saam die gesin se kultuurwaardes (Pistorius, 1971:60). Indien die lede van die huisgesin mekaar liefhet en aanvaar, bied dit vir hulle veiligheid, geborgenheid, beskerming en sekuriteit (Barnard, 1982:2142).

2.3.2.3 Samevatting

God het in Sy raadsplan die gesin of ouerhuis as 'n primêre samelewingsverband ingestel, soos gesien in 2.3.2.1.1. Uit die struktuur van die gesin blyk dit dat die ouers (volwassenes) as primêre opvoeders van die kinders (onvolwassenes) verantwoordelikheid moet aanvaar om betrokke te raak by hulle kinders se opvoedende onderwys.

Indien 'n liefdesband die gesin bind tot 'n hegte eenheid word 'n eenheidsgemeenskap gevorm (vergelyk paragraaf 2.3.2.2.1). Vir sy opvoeding het die kind liefde nodig. Die opvoedelike liefde wat in die gesin aanwesig is, behels die onvoorwaardelike aanvaarding van en verantwoordelikheid vir die kind deur hom te begelei tot volwassenheid. Die liefde wat die kind beleef laat hom geborge voel, wat dus daarop dui dat die ouers 'n geborgenheidsruimte geskep het vir hulle kinders (Vaughan, 1971:20).

2.3.3 DIE SKOOL EN OPVOEDENDE ONDERWYS

2.3.3.1 Perspektief

Vir hierdie navorsing is die betekenis van opvoedende onderwys meer afgestem op die betrokkenheid wat ouers in die opvoedings- en onderwysaktiwiteite van hulle kinders in die primêre skole het.

Op skool word daar meer spesifiek aandag gegee aan onderwys omdat die skool se doel die ontsluiting van die logies-analitiese modaliteitsfunksie van die leerling behels. Die onderwys vorm meestal 'n onderdeel van opvoeding en het ook te doen met die oordrag van kennis en/of vaardighede. Opvoeding word dus gedra deur die onderwys, want die aanleer van basiese kennis en vaardighede is 'n voorvereiste vir opvoeding. Wanneer die kennisinhoude wat deur onderwys verwerf is ook die karakterinhoude besit wat deur opvoeding ingeskerp is, vind leer eers werklik plaas (Postma, 1987:8).

Die woord "skool" is afgelei van die Griekse woord "schole" (Latyn: schola). Onder die Atheense Hellene het die begrip "skool" aanvanklik die vrye of ledige tyd van die vrye burger beteken en eers veel later het dit in die geskiedenis ontwikkel tot die betekenis van vrye leerbedrywighede, veral ten opsigte van die Griekse kulturele tradisie (Monroe, 1919:257). Die volgende omskrywing van 'n skool bevat die belangrikste struktuurkenmerke daarvan: "Die skool is as 'n samelewings- en kultuurvervlegte verband, 'n onderrig- en leerplek met 'n eie besondere vryheid wat op 'n eiesoortige geadministreerde en versnelde

wyse doeltreffend en doelgerig leerlinge pedagogies onder leiding van beroepsopvoeders aan die hand van leerstof ontsluit” (Van Schalkwyk, 1981:89).

Die skool is begin en opgerig deur die ouers. Dit blyk dat sodra die menslike lewe in sy maatskaplike en ekonomiese struktuur in ingewikkeldheid toeneem, die ouers wat die natuurlike primêre opvoeders van die kind is, nie meer die hele opvoedingstaak na behore kan vervul nie. Die gevolg is dat veral die onderwysfaset van die opvoedingstaak aan andere oorgedra word. Die vennoot van die ouers wat help met die opvoedingstaak word die skool genoem. Dus is die skool in sy oorsprong, gees en rigting op die gesin aangewese maar tog selfstandig (Coetzee, 1960:41).

Die struktuur van die skool in samehang met ander samelewingsverbande toon drie tipes samelewingskringe wat betrokke is by die opvoedende onderwys, naamlik die wat die opvoedende onderwys onderneem waaronder skole ressorteer en die wat belang het by die onderwys soos die gesin, die staat, die kerk en die wat die samehang tussen die verskillende samelewingsverbande organiseer soos die onderwysdepartement, of die bestuursraad (Van Schalkwyk, 1978:102).

Oor die bestemming of ware tipering van die skool bestaan daar uiteenlopende menings. Popma (1947:91) kom tot die gevolgtrekking dat die bestemming van die skool so breed is dat dit geen enkele kwalifiserende funksie besit nie. Dit gaan vir Popma in die skool basies om kennisverwerwing as resultaat van analitiese en estetiese interpretasie van die kosmos.

Ter beligting van die navorsingsprobleem, naamlik of ouers genoegsaam betrokke is by hulle kinders se opvoedende onderwys, word Wolfgang Kramp (1973:27-33) se teorieë oor die skool saamgevat.

Dit is Kramp se mening dat skole se oorsprong en wese ’n relatief selfstandige vergestaltung van onderrig is aan ’n veelheid van individue ter voorbereiding vir die volwasse lewe.

Dit is voorts sy oortuiging dat dit nie net die skool se taak is om kultuurerfgoed deur oorlewering tuis te bring nie, maar dat die klem ook op die leiding tot beskawingsmondigheid van die jeug moet val.

Kramp meen verder dat skoolopvoeding moet gaan oor die ontwikkeling van nuwere verhoudingspatrone en lewensvorme wat gerig is op ’n menswaardige bestaan in die maatskaplike orde van die toekoms.

Ten slotte verbind Kramp die skool nie net aan een enkele hoof funksie nie, maar sien hy die skool se bestemming as 'n spanningvolle naasmekaar staan van verskeie funksies. Op verskillende tye van die samelewingsontwikkeling word die funksies wat in daardie stadium vir die jeug die beste is, duidelik.

2.3.3.2 Samevatting

Die skool en die ouerhuis is die hoofkomponente in die kind se leewêreld en daarom is dit noodsaaklik dat daar onderlinge vertrouwe, waardering en begrip vir elkeen se besondere taak is om 'n suksesvolle onderwysvennootskap tot stand te bring.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die skool volgens 'n bepaalde gemeenskap se lewensopvattinge georden word. Die skool moet op so 'n wyse funksioneer dat opvoedende onderwys op sy beste gedien word. Elke ouer moet toesien dat die gemeenskap se aanvaarbare en behoorlike lewensopvatting deur die skool nagestreef word.

2.3.4 DIE STAAT EN OPVOEDENDE ONDERWYS

2.3.4.1 Perspektief

Die staat as samelewingsverband moet die belange van sy burgers ten opsigte van opvoedende onderwys bevorder. Daar moet in gedagte gehou word dat die burgers van die staat meestal ouers is van die kinders wat opvoedende onderwys moet ontvang. Dus is die ouer as burger en die staat as samelewingsverband op 'n indirekte wyse betrokke by hierdie faset van kinders se opvoedende onderwys.

Waar die gesinsgemeenskap gefundeer is in die natuursy van die werklikheid, te wete die biotiese, is die staat soos al die georganiseerde gemeenskappe in die historiese modaliteit gefundeer (Kalsbeek, 1970:219).

Volgens Dooyeweerd (1936:366) word die struktuur van die staat gevind in die monopolistiese organisasie van die swaardmag oor 'n bepaalde kultuurgebied. Deur die organisasie van die swaardmag word die staat as 'n samelewingsverband tot stand gebring (Dengerink, 1948:206).

Die bestemmingsfunksie van die staat is geleë in die juridiese aspek, met ander woorde om mag en reg te laat geskied (Barnard, 1984:196).

Hombres (1972:90) onderskryf Dooyeweerd se definisie deur die staat se interne struktuur te beskryf as 'n publiekregtelik georganiseerde, institutêre gemeenskap van die owerheid en onderdaan op die grondslag van 'n monopolistiese organisasie van die swaardmag oor 'n volk op 'n omgrensde kultuurgebied. Die staat se doel, bestemming en vervulling van sy regstaak word gevind in die twee kernbegrippe, naamlik "mag" en "reg". Die staat is op grond van sy juridiese kompetensie die hoogste regsgesag in die volkshuishouding en dra die kenmerke dat dit 'n monopolistiese territoriale organisasie van die swaardmag vorm (Stone, 1979:81).

Die staat vind sy verantwoordelikheid in die juridiese harmoniëring van belange binne die onderwysstelsel. Die harmoniëring van die juridiese vind plaas deur die skepping van strukture vir medeseggenskap, inspraak en koördinerende, asook deur die juridiese reëlings ten opsigte van die verskeie partye se onderwysake, bevoegdheids- en bevoegdheidssterreine (Van Wyk, 1987:29).

Elke sosiale samelewingsverband is wat sy regsbevoegdheid betref, soewerein in eie kring. Die soewereiniteit van elke sosiale verband word begrens deur sy bestemmingsfunksie wat in die geval van die staat die reg is. Vir die staat gaan dit uit en uit om die reg. Dit is die staat se doel, bestemming en verantwoordelikheid om toe te sien dat daar reg sal geskied ten opsigte van die korrekte ewewig tussen mag en reg (Van Schalkwyk, 1981:94).

Kragtens die mag waaroor die staat beskik ter wille van regshandhawing kan die staat nie-staatlike ondernemings aanpak of hom daarvan weerhou. Die norm wat hier in ag geneem moet word is of dit in beskawingsbelang is en groter beskawingsmondigheid sal meebring (Van Schalkwyk, 1981:98).

2.3.4.2 Samevatting

Ten opsigte van die opvoeding en onderwys moet die staat gehoorsaam wees aan sy opdrag, sodat die opvoedende onderwys van die kinders nie verwaarloos word nie. Dit is die reg van die burgers dat die staat sal omsien na hulle kinders se opvoedende onderwys. Uit die navorsing (vergelyk 2.3.4.1) kom dit duidelik na vore dat die oordrag, handhawing en uitbouing van sy kultuur vir die burger van wesenlike belang is. Die staat moet toesien dat aan hierdie reg van sy onderdane gehoor gegee word, onder andere deur die voorsiening van onderwysfasiliteite. Die staat moet ook die weë en middele daarvoor skep asook die beheer en kontrole handhaaf om die standaard van opvoedende onderwys te verhoog.

Die staat het dus 'n belangrike taak ten opsigte van opvoedende onderwys. Maar dit vrywaar nie die gesin, die kerk, die skool en die bedryf van hulle taak ten opsigte van die opvoedende onderwys van die kind nie.

Soms is dit vir die ouers nodig om deur bemiddeling van die staat betrokke te raak by opvoedende onderwys. Die hulp van toesighoudende superintendente van onderwys kan ingeroep word waar enige vorm van roepingversaking by onderwyshoofde voorkom. Daarom moet ouers as opvoeders weet wat die aard en funksie van die staat behels.

Dit is noodsaaklik vir beskawingsbelang en ook vir die staat se voortbestaan dat die staat sy juridiese verantwoordelikhede na behore sal uitvoer. Vir die Christen is die staat se hoogste verantwoordelikheid om aan God en sy wette gehoorsaam te wees.

2.3.5 DIE KERK EN OPVOEDENDE ONDERWYS

2.3.5.1 Perspektief

Dit is belangrik om daarop te let dat die kerk 'n belangrike rol te vervul het in die opvoedende onderwys van die kinders. Die kerk, in medewerking met die ouers wat sy lidmate is en oor wie se geloofsopvoeding toesig gehou moet word, moet noue aansluiting vind by die skool se opvoedende onderwystaak (Van Schalkwyk, 1981:130).

“Kerk” is van die twee Griekse woorde “kuriakos” en “ekklesia” afgelei, wat respektiewelik beteken “van die Here” of “dit wat aan die Here behoort” en “'n saamgeroepte vergadering” of “'n volksvergadering”. Die kerk is dus 'n gemeenskap (Heyns, 1977:44).

Die kerk het eeue gelede binne die gemeenskap ontstaan en het ontwikkel as 'n samelewingstruktuur met 'n eie organisasievorm. Die kerk se bestemmingsfunksie is geleë in die pistiese aspek wat weer deur 'n religieuse hartsgegrepenheid bepaal en gelei word (Barnard, 1984:196).

Die kerk word beskryf as 'n gemeenskap van mense met dieselfde geloofsbelydenis tot eer van die God van die Bybel. Die funderingsfunksie van die kerk word gevind in die historiese mag van die Woord van God. Hy regeer Sy volk deur Sy Woord en Gees (Barnard, 1984:196).

Omdat die kerk deur God self in aansyn geroep is, is die kerk 'n primêre samelewingsverband. Dit is die enigste samelewingsverband waarvan gesê kan word dat dit die liggaam van Christus is, en dat Christus die hoof daarvan is. Ook is die kerk die uitgeroepte gemeente van Christus en vertoon verskillende vergestaltinge soos die algemene kerk, die onsigbare kerk, en die plaaslike kerk (Van der Walt, 1983b:23).

Onderskeid moet getref word tussen die sigbare en onsigbare kerk. Die onsigbare kerk is die kerk in sy bo-tydelike religieuse volheid. Dit is die geheel van al die uitverkorenes in Christus. Binne hierdie oorkoepelende kerk is talryke gelowiges in die sigbare kerk saamgebind (Van der Walt, 1980:101).

Die sigbare kerk openbaar hom as 'n instituut. Dit behels 'n georganiseerde samelewingsverband met verskillende ampte, ampsdraers, gereelde samekomste en bepaalde seremonies. Die onsigbare kerk openbaar hom ook in 'n organiese vorm. In dié vorm brei die kerk hom ver buite sy grense as instituut uit en kom tot openbaring in die gelowige huisgesin, die volkslewe, die skool, kuns en wetenskap (Van Schalkwyk, 1981:98-104).

Die basiese taak van die kerk is die ontsluiting van die mens se geloofsfunksie en geloofswerklikhede (Barnard, 1984:197).

Die kerk het 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy lidmate. Met die doop van die belydende lidmate en die aflegging van die doopbelofte deur die ouers vergewis die kerk hom of die doopbelofte tuis en by die skool nagekom word. Dit vind plaas onder die toesig van die kerkraad en predikant (Van der Walt *et al.*, 1982:91).

2.3.5.2 Samevatting

Uit die voorafgaande inligting blyk dit dat die kerk 'n institutêre samelewingsverband is wat deur God ingestel is en die funderingsfunksie van die kerk berus in die historiese, terwyl die bestemming van die kerk geleë is in die geloofsvorming van sy lidmate.

Verder blyk dit dat die kerk 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy lidmate het. Die kerk moet toesien dat die ouers wat lidmate van die kerk is, hulle kinders opvoed en laat opvoed in ooreenstemming met die doopbelofte en geloofsbelydenis van die kerk.

2.3.6 DIE BEDRYF EN OPVOEDENDE ONDERWYS

2.3.6.1 Perspektief

Die gesin en onderwysinrigtings alleen kan nie die taak van opvoedende onderwys behartig nie. Die hulp van die bedryf as 'n onderwysbelanghebbende struktuur word ook benodig. Die kind wat eerstens 'n lid van 'n bepaalde gesin is, woon in 'n bepaalde buurt, stad of dorp waarin die bedryf gevestig is.

Die bedryf vorm 'n besondere deel van die gesin se leefwêreld en maak ook daarom aanspraak op hul gawes en arbeid (Van Schalkwyk, 1981:232). Vervolgens gaan die bedryf se verantwoordelikhede teenoor die opvoedende onderwys in die gemeenskap ontleed word.

Dié samelewingsverband word in die lewe geroep ter bereiking van 'n bepaalde doel. Die doel van die bedryf is om as 'n sosiale entiteit binne die gemeenskap die gemeenskap se behoefte aan goedere en dienste te bevredig. Op dié wyse kan die bedryf geleenthede vir werk skep en sodoende die welvaart van die volk verhoog (Van Schalkwyk, 1981:105).

Wanneer daar gelet word op die interne aard van die samelewingsverband, word opgemerk dat dit rus op die pilaar van 'n magsorganisasie en arbeidskrag en dit is gefundeer in die historiese aspek. Die leidende funksie is gerig op die ekonomiese, met ander woorde die bedryf word gekenmerk as 'n ekonomiese arbeidsgemeenskap (Kalsbeek, 1970:247).

Dooyeweerd (1936:518) onderskei twee modelle in die bedryf, naamlik die nie-institutêre en institutêre gemeenskapsverbande. Hy omskryf die nie-institutêre as 'n verband wat in die lewe geroep word deur individue, wat ondanks die organisasie as enkelinge (individue) teenoor mekaar bly staan. Die institutêre gemeenskapsverbande (stigtings en vennootskappe) word in die lewe geroep ter bereiking van 'n bepaalde doel. Die mens kan vrywillig tot die nie-institutêre gemeenskappe toetree of dit weer verlaat. Hierdie nie-institutêre gemeenskapsverbande kan dus gedefinieer word as verbande gekenmerk deur vrywillige toe- en uittrede, gebaseer op die doel van die organisasie (Kalsbeek, 1970:247).

Die bestaan van die bedryf binne die gemeenskap is te danke aan die gemeenskapsverbande se behoeftes aan kos, klere, behuising, onderwys en vele meer (Barnard, 1984:197).

Die bedryf en onderwys is afhanklik van mekaar. Die bedryf bied bepaalde werkgeleenthede waardeur die mens tot die uitlewing en volvoering van sy mandaat waarop die onderwys gerig is, kan kom. Die kinders moet opgevoed word om hulle plek in hul eie besondere leefwêreld te kan inneem (Van Schalkwyk, 1981:107).

2.3.6.2 Samevatting

Dat die bedryf as 'n samelewingsverband ook 'n belangrike rol te vervul het in die opvoedende onderwys van die kind, kan nie betwyfel word nie. Daar kan met reg beweer word dat faktore wat 'n invloed op die vooruitgang van die bedryf uitoefen, ook die welvaart van die volk se onderwys raak. So kan die ekonomiese welvaart van 'n land ook 'n rol in die ouer se betrokkenheid by sy kind se opvoedende onderwys speel.

Die eise van die samelewingsverbande is oorwegend materiële eise waaraan elke ouer moet voldoen. Die beskikbaarheid van goeie behuising is een van die betekenisvolle bates van welvaart. Alhoewel behuising geen waarborg vir deelname aan opvoedende onderwys is nie, kan aanvaar word dat heelwat probleme soos swak higiëniese toestande vanweë ondoeltreffende wonings in 'n hoë mate uitgeskakel word.

Die ouers kan ook vanweë toereikende ekonomiese toestande, finansiële hulp aan die skool verskaf om sodoende die kind se opvoedende onderwys te bevorder.

2.4 DIE BEGINSEL VAN MEDESEGGENSKAP IN DIE ONDERWYSSTELSEL

2.4.1 Inleiding

Medeseggenkap in die opvoedende onderwys van die kind bestaan uit 'n vennootskap van 'n verskeidenheid samelewingsverbande waarvan sommige onderwysverbonde is, soos skole, kolleges en universiteite en ander belanghebbende strukture, soos gesinne, onderwysverenigings, ouerverenigings, kerke, die privaatsektor en die staat. Elke samelewingsverband is veronderstel om volgens eie aard 'n bydrae te lewer tot die opvoedende onderwys van die kind.

Aangesien die navorsing handel oor die betrokkenheid van die ouer as primêre opvoeder van die kind by die opvoedende onderwys word daar ook aandag geskenk aan die medeseggenkap van die samelewingsverbande, waarin onder meer die ouer 'n rol speel.

Uit die geskiedenis blyk dit dat publieke onderwysstelsels algemeen tot stand gekom het gedurende die negentiende eeu. Selfs in die ongedifferensieerde samelewing was bewuste opvoeding duidelik. Die kerk en staat se toetrede tot die onderwys het bygedra tot die ontstaan van die onderwysstelsels.

2.4.2 Die struktuur van die onderwysstelsel

2.4.2.1 Inleiding

Stone (1974:132) beskryf die struktuur van 'n onderwysstelsel as 'n vervlegtingstruktuur wat as sodanig in die kultuur-historiese gefundeer en deur die opvoedende onderwys van die kind gekwalifiseer word. Hierdie vervlegting toon egter verskillende patrone oor die

hele wêreld as gevolg van die invloed van verskillende faktore wat eiesoortig is vir elke onderwysstelsel.

Die onderwysstelsel is daardie vervlegte struktuur waarin verskeie verbande 'n rol speel ten opsigte van die openbare onderwys wat juridies gereël is en wat ter wille van die doeltreffendheid daarvan op 'n bepaalde wyse georganiseer is (Stone, 1981b: 128). Daar bestaan 'n samehang tussen die hedendaagse gedifferensieerde samelewing en die onderwysinrigtings. Die samehang kan verskillende vervlegtingspatrone aanneem, afhangende van die aard en omvang van beheer en die leidende rol van die staat (Stone, 1974:124).

'n Belangrike beginsel wat nooit uit die oog verloor moet word nie, is dat elke samelewingsverband sy soewereiniteit moet behou, selfs in die verbinding tot knooppunte met ander. Dit waarborg die vryheid en verantwoordelikheid van elke samelewingsverband. Slegs hierdeur kan daar 'n sinvolle bydrae gemaak word tot die kind se opvoedende onderwys. Hieruit word afgelei dat “nog die individualisme nog die universalisme verabsoluteer word, nog die onbeperkte vryheid nog die volslae gebondenheid” (Van Schalkwyk, 1978:122).

'n Onderwysstelsel kan slegs sy doel as vervlegtingstruktuur bereik as elke samelewingsverband soewerein in eie kring is om die besondere taak waarvoor dit gestruktureer en toegerus is te kan uitvoer en sy verantwoordelikheid in die verband te kan nakom (Van Schalkwyk, 1981:119).

By die onderwysstelsel is dit hoofsaaklik die volgende samelewingsverbande, naamlik die staat, die gesin, die kerk, die skool en die bedryf wat in die enkapsis in 'n bepaalde samehang verkeer (Stone, 1974:129). Daar is dus nie 'n universalistiese vervlegting nie, maar 'n enkaptiese (Stone, 1981b:131).

Volgens Dooyeweerd word die begrip “enkapsis” slegs aan die vervlegting gekoppel. Dit behels die bestaan tussen dinge, plante, diere of samelewingsverbande wat met 'n eie interne struktuur toegerus is en ook 'n selfstandige bestemmingsfunksie besit (Kalsbeek, 1970:266).

2.4.2.2 Pedagogiese struktuur van die onderwysstelsel

In wese gaan dit in die onderwysstelsel om die ontsluiting en opvoedende onderwys van die kind. Die ouers binne die onderwysstelsel bepaal die dinamiek en doeltreffendheid van die vervlegting, want die ouers, wat alle samelewingsverbande transendeer, is in die mees aktuele sin die vervlegters daarvan (Stone, 1981b:132).

Gekwalifiseer deur die onderwys gaan dit in die onderwysstelsel om die opvoedende onderwys waarin die staat, gesin, skool, kerk en bedryf elkeen 'n eiesoortige en unieke verantwoordelikheid tot die ware, doeltreffende en doelgerigte ontsluiting van elke kind moet onderneem (Van Schalkwyk, 1981:81).

Die onderwysstelsel moet ook 'n opvoedende onderwysveld skep sodat die kind, onderwyser en leerstof geakkommodeer kan word. 'n Gepreformeerde opvoedingsveld moet geskep word deur die drie hoofmomente, hoe formeel en eksplisiet of informeel en implisiet ook al, naamlik deur beplanning, wetgewing en uitvoering (Rupert, 1977:19-20).

2.4.2.3 Leefwêreldvervlegte struktuur van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel met die skole as 'n geïntegreerde deel van die nasionale en kultuurmilieu vorm 'n brug tussen die huislike milieu waaruit die kinders kom en die nasionale kultuurmilieu. 'n Onderwysstelsel is dus wesentlik 'n vervlegting van die onderwysende opvoeding met die kultuur van die samelewing waartoe dit behoort (Van Wyk, 1987:28).

2.4.2.4 Die invloed van die grondmotief op die onderwysstelsel

Die grondmotief word gesien as die geestelike wortel van die gemeenskapslewe wat die uitinge van onder meer die denke, gevoel, sosiale lewe, sedelike maatstawwe, juridiese norme, ekonomiese beginsels en stelsels van die gemeenskap bepaal (Stone, 1974:152).

Die grondmotief van 'n gemeenskap bepaal die ganse lewensopvatting, doelstellinge, ideale en beleid van 'n bepaalde historiese tydperk in daardie gemeenskap. Dit plaas ook 'n duidelike stempel op die kultuur en die samelewingsverbande van dié tydperk. Hieruit volg ook dat die opvoedkundige denke van die gemeenskap deur die grondmotief beheers word (Van Schalkwyk, 1981:217). Dit bly primêr die ouer se verantwoordelikheid om die behoorlike grondmotief wat onder andere deur die gemeenskap bepaal is aan hul kinders oor te dra.

2.4.2.5 Samevatting

Die onderwysstelsel wat onder meer tot stand gekom het as gevolg van die ouer se onvermoë om die opvoedende onderwys van sy kind te behartig (vergelyk 2.3.2.1), moet deur middel van 'n beplande en georganiseerde struktuur behartig word. Binne hierdie vervlegtingsstruktuur word elke samelewingsverband se taak en verhouding gestruktureer.

Omdat die opvoedende onderwys van die kind te alle tye die ouers se verantwoordelikheid bly, besit die ouer die volste reg om deel te neem aan die buite-huislike opvoeding van hul kinders in die onderwysstelsel.

2.5 ENKAPTIESE VERVLEGTING

2.5.1 Vooraf

Indien 'n enkaptiese vervlegting plaasvind onder sekere ongunstige voorwaardes of funksies, kan 'n onnatuurlike of ongesonde toestand ontstaan wat skadelik kan wees vir die kind se opvoedende onderwys.

Die enkaptiese strukture vertoon die volgende drie kenmerke, naamlik dat dit (i) 'n onomkeerbare vervlegting van strukture is (ii) dat die interne soewereiniteit van elke samelewingsverband gehandhaaf word in die vervlegting; en (iii) dat dit 'n hegte geheel moet vorm (Van Schalkwyk, 1981:117).

2.5.2 Onomkeerbare vervlegting

In die vervlegting moet ander samelewingsverbande optree as medewekers van die skool ter wille van die skool se taak, naamlik opvoedende onderwys. Hulle toetred tot die skool is om bepaalde take te verrig wat met die pedagogiese verband hou. Indien dit nie so sou plaasvind nie, sou dit beteken dat die skool 'n werktuig in belang van staatlike, kerklike, bedryfs- of ouerlike take word. Elke vervlegting in die onderwysstelsel moet dus pedagogies gekwalifiseer wees (Van Schalkwyk, 1981:117). Elke samelewingsverband het sy eie taak ten opsigte van die opvoeding en onderwys, en moet daaraan ooreenkomstig sy eie tipiese struktuurwette uitvoering gee. Die aard van 'n verband bepaal ook die karakter van sy besondere gesag. Geen verband kan sy taak, asook sy opvoedingstaak, in wetsgehoorsaamheid uitvoer wanneer die gesag wat aan die gesagdraers verleen is, misbruik word of in onbruik verval nie (Heiberg, 1970:50).

2.5.3 Die interne soewereiniteit van elke samelewingsverband

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring moet eerbiedig word en geen enkele samelewingsverband mag die ander oorheers nie (Barnard, 1981:42). Daarbenewens mag die besondere individualiteit van elke struktuur nie verlore gaan nie. Volgens Van Schalkwyk (1981:121) is eenheid en verskeidenheid van gelykwaardige belang. Voorts beklemtoon hy

ook die feit dat elke samelewingsverband betrokke is in die onderwysstelsel ter wille van opvoedende onderwys. Deur die beginsel van behoud van elke samelewingsverband se soewereiniteit, word die individualiteit bewaar.

Deur middel van die gesinstruktuur in die onderwysstelsel besit die ouer sekere vryhede en verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoedende onderwys van sy kind (Van Schalkwyk, 1981:118).

2.5.4 Vervlegtingseenheid in die verskeidenheid

Die onderwysstelsel vorm 'n eenheid waarin daar 'n verskeidenheid sosiale verbande werk-saam is. In die vervlegtingstruktuur moet hierdie twee sake in voortdurende balans bly; enersyds die verskeidenheid van funksies en andersyds die eenheidsfunksie wat vir opvoedende onderwys nodig is (Van Schalkwyk, 1981:121).

Die interne soewereiniteit van die skool mag nie misken word nie. 'n Onderwysstelsel moet gerig word deur opvoedkundige oorwegings. Dit volg opvoedkundige norme na, anders ontaard dit in 'n indoktrinasiestelsel. Die onderwysstelsel mag nie verstaatlik of verkerklik nie. Dan is die skool 'n onvrye deel van 'n ander sosiale struktuur se geheel en word hy ook onvry in sy eie bevoegdheid (Stone, 1974:25-37).

Die huisgesin en die skool mag ook nie in hulle opvoedingstaak by mekaar verby leef nie. Tussen hulle moet daar 'n vertrouensverhouding bestaan waarin hulle as vennote kragte saamsnoer om die eenheidstaak, naamlik opvoedende onderwys, uit te voer (Fourie, 1969:156-159).

2.6 MEDESEGGENSKAP VAN DIE SAMELEWINGSVERBANDE IN VERVLEGTING

2.6.1 Inleiding

Die onderwysstelsel het 'n organisatoriese raamwerk wat beleidsformulering oor 'n wye terrein van uiteenlopende aktiwiteite vooropstel vir doeltreffende funksionering. Hierdie beleidsformulering moet noodwendig konkrete vergestaltung vind in bepaalde geskrewe en selfs ongeskrewe regulasies of wette.

Waar daar besin word oor die aandeel van die ouer in die opvoedende onderwys van sy kind, is dit noodsaaklik om die medesegenskap van die samelewingsverbande, naamlik die gesin, skool, staat en die bedryf voor oë te hou. Oueraandeel in die opvoedende onderwys kan nie op 'n onbeplande wyse benader word nie, maar die aktualisering daarvan moet via die beleidsbepaling van die onderwysstelsel en -owerhede geskied.

2.6.2 Die gesin

Die onderlinge liefdesgesindheid van gesinslede teenoor mekaar is normatief gekleur, ongeag of dit 'n Christelike of nie-Christelike gesin is (Mulder, 1970:109).

As volwassene is die ouer uit liefde vir sy nie-volwasse lede se volledige ontwikkeling verantwoordelik (vergelyk 2.3.2.1). Omdat die gesin nie so gestruktureer is om die kind volledig en gedifferensieerd te ontsluit nie, moet die skool intree en die ouer help om hierdie taak te behartig (Van Schalkwyk, 1981:128). Alhoewel die ouer sy onderrigtaak aan die skool moes oordra, besit hy as ouer in die laaste plek nog die onbetwisbare en onvervreembare inspraak by die buite-huislike opvoeding van sy kind (Stone, 1974:88).

Die etiese is die doelbepalende funksie van die gesin (vergelyk 2.3.2.1.3). Op grond van die natuurlike bloedbande tussen ouers en kinders vind dit uitdrukking in die trou en onderlinge verantwoordelikheid van die gesinslede aan mekaar (Van der Walt *et al.*, 1983a:257). Volgens Dooyeweerd (1936:219) is die liefde 'n opdrag van God, soos gevind in Lukas 10:27: "Jy moet die Here jou God lief hê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself". Die implikasie hiervan is dat die kind tot gehoorsaamheid opgevoed moet word, gehoorsaamheid in die sin van liefde tot God en liefde tot die naaste.

Dit is ook die ouers se plig om toe te sien dat die gees en rigting van die skool en onderwysers in ooreenstemming met hulle eie lewensopvatting is en daarom is ouer-segenskap in die onderwys onontbeerlik. Hierdie segenskap word grootliks deur middel van bestuursrade en ouer-onderwysersverenigings uitgeoefen (Van der Walt *et al.*, 1983a:257).

Waar die skool behulpsaam is om die kind volledig en gedifferensieerd te ontsluit, bly dit primêr die gesin se verantwoordelikheid wat van sy nie-volwasse lede word en gevolglik moet die ouer meelewend, meesprekend en hulpvaardig betrokke by die formele onderwys bly (Van Schalkwyk, 1981:128).

Die ouer dra sorg dat die omstandighede gunstig sal wees om opvoedende onderwys te bevorder. Benewens die feit dat die gesin 'n egte liefdesgemeenskap moet wees met 'n eenheidsgevoel tussen die lede is die gesin as versorgingsgemeenskap ook verantwoordelik vir die fisiese versorging van sy lede (Van Schalkwyk, 1981:129).

Vervlegting tussen die skool en die gesin word georganiseer deur knoopstrukture soos die bestuursrade en ouerverenigings om sorg te dra dat opvoedende onderwys ten beste gedien word (Van Schalkwyk, 1981:129).

Die ouer het regsgesag oor sy kind. Die staat erken die seggenskap van die ouer oor sy kind en verleen onder andere medeseggenskap aan die ouer by die opvoedende onderwys van die kind buite die huislike verband. Verder moet die ander samelewingsverbande soos die skool en kerk die medeseggenskap van die ouers ten opsigte van die opvoedende onderwys erken en eerbiedig (Stone, 1974:87-88 en Van Wyk, 1981:112-113).

Dit blyk ook dat ouers direkte seggenskap verkry slegs by die onderwysinrigtings waar hulle kinders onderwys ontvang. In die vervlegting tussen die staat en onderwysinrigtings, het ouers deur stemreg, lidmaatskap van 'n politieke party of drukgroep wat sy stem by die owerheid laat hoor, indirekte seggenskap (Stone, 1974:89).

As samelewingsverband is die gesin uniek en eiesoortig. Naas die ander samelewingsverbande vervul die gesin 'n besondere taak en verantwoordelikhede binne die onderwysstelsel. Die ouers staan enersyds as werkers, kerklidmate en as mense in die onderwysstelsel gelyk langs mekaar op grond van hulle gemeenskaplike belange binne die opvoedende onderwys. Almal staan andersyds weer ongelyk naas mekaar omdat hulle menslike rolle in verskillende soewereine samelewingsverbande en ampte onherleibaar tot mekaar is. As sodanig het elke ouer 'n besondere taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoedende onderwys (Van Schalkwyk, 1981:118).

Besinning oor die mens as individu in sy vervlegtheid binne samelewingsverbande lê die volgende bloot. Die mens beskik oor bepaalde vryhede, regte, roepinge en verantwoordelikhede binne al die samelewingsverbande. Daarkragtens het hy as ouer 'n bepaalde belang by die skool se aktiwiteite. As burger van die staat wat verantwoordelik is vir die voortbestaan en verdere ontplooiing van opgevoede en geskoolde mense; as lidmaat van die kerk wat nie sonder geletterde, welsprekende lidmate met 'n lewensopvatting en belydenis kan gedy nie en as werkgewer in die bedryf nie sonder geskoolde en opgevoede mense kan bestaan nie, het die ouer 'n bepaalde verantwoordelikheid ten opsigte van sy kind se opvoedende onderwys om na te kom. Al die samelewingsverbande is aangewese

op die skool, maar eweneens is die skool aangewese op die samelewingsverbande en het hy hulle nodig vir sy doeltreffende funksionering (Van Schalkwyk, 1981:90).

2.6.3 Die skool

Die skool as kulturele verskynsel, deur die mens tot stand gebring, staan prominent in die middel van die onderwysvervlegte samelewingstruktuur (Stone, 1974:102).

Om opvoedende onderwys te laat plaasvind, skep die skool saam met die ander samelewingsverbande soos die kerk en gesin 'n opvoedingsveld. Die opvoedingsveld sluit in 'n behoorlik beplande administrasie, skolestelsel, hulpdienste, toesighouding en aanvullende dienste (Stone, 1976:431).

Ofskoon die godsdienstige opvoeding van die kind in 'n Christelike gemeenskap primêr die taak van die kerk en die gesin is, lewer die skool ook sy bydrae tot die godsdienstige opvoeding van sy leerlinge deur die Christelik-nasionale karakter wat dit in Suid-Afrika adem (Gunter, 1978:195).

Dit is belangrik om daarop te let dat die gesin as primêre of eerste opvoedingsinstelling en die skool as sekondêre of tweede opvoedingsinstelling ten nouste moet saamwerk. Die opvoedingsdoelstelling van die gesin en die skool behoort by mekaar aansluiting te vind. Ook die knoopstrukture tussen die gesin en skool moet daarna strewe om die onderlinge verhoudinge en vennootskap te verbeter en te versterk (Buys, 1986:31).

Die skool is 'n opvoedingsinstituut, maar sy opvoeding is getipeer deur die onderwys. Skoolopvoeding is dus anders getipeer as huislike of kerklike opvoeding. Hierdie onderwysgerigte opvoeding en ook die uitbouing van die institusionalisering daarvan in die skool beteken nie dat die skool die pedagogiese funksie van die gesin tot niet maak nie, maar eerder as vennoot toetree tot die kind se opvoedende onderwys (Stone, 1981a:32-33).

Elke kind in die skool is primêr afkomstig uit 'n besondere gesinsverband. Gevolglik moet die kinders se opvoedende onderwys in die skool ook lewensbeskoulik en nasionaal aansluit by die van die huisgesinne en die volk waartoe hulle hoort.

2.6.4 Die staat

Die staat beklee in die nasionale onderwysstelsel 'n besondere posisie vanweë die feit dat die skoolopvoeding daarmee territoriaal vervleg is. Afgesien van die verantwoordelikheid

wat die staat dra vir die beskikbaarstelling van die onderwys en die bepaling van die onderwyspeil, is dit ook sy funksie in juridiese verband om aan elke samelewingsverband sy besondere plek in die samehang toe te wys. Die staatlike taak geskied deur wetgewing waarin die verantwoordelikhede en bevoegdhele van alle ampte gereël en vasgelê word.

Die staat se betrokkenheid by die opvoedende onderwys behels 'n staatlike en 'n nie-staatlike taak wat kortliks weergegee gaan word (Van der Walt, 1980:100).

Die harmoniëringsfunksie van die staat is volgens Stone (1979:198) 'n suiwer staatlike funksie. In ooreenstemming met sy juridiese of staatlike en ook primêre doel, dra die staat die medeverantwoordelikheid om in die samelewing deur sy owerheidsgesag die veelheid van regsbelange en ook onderwysbelange te harmonieer met wetgewing, ordonnansies, regulasies en ander voorskrifte (Taylor, 1969:287).

In 'n regstaat lê die staat die volkswil, dit wil sê ook die ouers se wil met betrekking tot onderwys, juridies vas. Deur middel van beraadslaging tussen verteenwoordigers van die knoopstrukture soos die onderwysleiers van die gemeenskap, onderwysamptenare en verteenwoordigers van die owerheid word konseponderwyswette geformuleer wat deur die staat finaal afgerond en tot 'n wet gemaak word. Deur die vervlegting gee die staat so aan die formele onderwys in ooreenstemming met die volksbegeertes 'n juridiese basis (Van Schalkwyk, 1981:125).

Vervlegting kom in die nie-staatlike owerheidsaktiwiteite duidelik na vore deur owerheids-onderwys. Om algemene volksonderwys dwarsdeur die staatsgebied beskikbaar te maak deur die stigting van skole, asook om leerplig op te lê en gedifferensieerde onderwys te gebied, is 'n nie-staatlike funksie (Stone, 1974:79). Verder moet die staat toesien dat 'n behoorlike standaard van algemene volksonderwys gehandhaaf word (Van der Walt, 1983:267).

Die nie-staatlike verpligtinge van die staat sluit ook in dat dit in beskawingbelang is dat elke staatsburger opvoedende onderwys moet ontvang. Wanneer ouers dit nie kan bekostig nie, moet die staat die ouer finansieel bystaan (Van Schalkwyk, 1981:126).

Omdat moedertaalonderwys opvoedkundig korrek en in belang van die jeug is, het die owerheid 'n plig om toe te sien dat onderwys in die land sover moontlik deur middel van die moedertaal moet geskied (Stone, 1974:86).

2.6.5 Die kerk

Die kerk is primêr gemoeid met die ontsluiting van die mens se geloofsfunksie. Hierdie geloofsfunksie vorm die kern van die kind se hele ontwikkeling. By die ontplooiing van die kind as ganse persoon speel sy geloof 'n leidende, ontsluitende en rigtinggewende rol (Van Schalkwyk, 1981:130).

Daar bestaan 'n sonderlinge verhouding tussen die taak van die kerk, die skool en ouerhuis as opvoedende instansies ten opsigte van die kind se opvoedende onderwys. Met die doopbelofte in die kerk maak die ouers 'n keuse ten opsigte van 'n bepaalde gees en rigting vir hulle opvoedingstaak: hulle beloof dat hulle hul kind as hy tot sy verstand gekom het, in die leer van die Skrif sal onderrig of laat onderrig. Hiermee word 'n bepaalde stempel geplaas op die gees en rigting van die opvoeding van die kind. Die noue band tussen ouerhuis en die gees en rigting daarvan, en die aard van die opvoeding wat deur die kerk gegee word behoort baie duidelik sigbaar te wees (Van der Walt, 1983b:23).

Geen onderwys kan ooit neutraal wees nie. In 'n gemeenskap waar die geestelike krag die Bybelse grondmotief is, moet die Christelike leer en belydenis aangehang word. So moet alle onderwys vir die Bybelgelowige in 'n Christelike gees gegee word (Van Schalkwyk, 1981:136).

Die kerk se terrein en roeping is eintlik 'n evangeliese, 'n herderlike en religieuse, maar het ook op grond van sy Christelike en meer bepaald Calvinistiese belydenis 'n belangrike taak ten opsigte van die opvoedende onderwys van die jeug. In eerste instansie is die kerk verantwoordelik vir die sieleheil van leerlinge, ouers en personeel wat lidmate van sy gemeente is en durf hy uit die aard van sy roeping en geroepenheid nie onverskillig staan teenoor die skool as instelling nie (Cilliers, 1970:117).

Deur middel van die ouers wat lidmate van die kerk is, moet die kerk toesig hou oor die geloofsoopvoeding van die kinders. Die kerk se verdere taak is om die kinders te lei tot verantwoordelike geloofsuiting. Die grootste samewerking en wisselwerking tussen die kerk en die ouer is van wesenlike belang (Van Schalkwyk, 1981:130).

2.6.6 Die bedryf

Die rol van ouers in die bedryf vereis dat medeseggenkap van die bedryf in die opvoedende onderwys onontbeerlik is. So sal 'n hoogs geïndustrialiseerde land 'n totale ander onderwysstelsel hê as 'n landbouland (Hans, 1977:73). In die nywerheidsgebiede word hoër eise

deur die ouer aan differensiasie van skole en kursusse gestel en dit bring hoër onkoste mee (Ruperti, 1977:33). 'n Beter ekonomie sal beter onderwysfasiliteite en -leerkragte meebring. 'n Swak ekonomie sal op sy beurt 'n remmende invloed op die onderwysstelsel se gehalte hê. Ouers wat 'n deel uitmaak van 'n florerende ekonomiese stelsel sal veel meer finansiële hulp aan hulle kinders se skole kan verskaf as ouers wat deel vorm van ekonomies arm stelsels.

2.7 SAMEVATTING

Die voorafgaande literatuurverkenning het getoon dat die seggenskap waarop die ouer aanspraak maak, gegrond is op die feit dat hy van meet af aan die primêre verantwoordelikheid dra vir sy kind se opvoedende onderwys. Hierdie verantwoordelikheid is dus geen instelling van die mens nie, maar is so beskik. Vir die Christen-ouer hou hierdie verantwoordelikheid 'n veel dieper betekenis in, aangesien hy 'n plegtige doopbelofte afgelê het waarin hy verantwoordelikheid met betrekking tot die opvoeding van sy kind op hom neem.

Verder is ook verwys na die samelewingsverbande soos die staat, die ouerhuis, die kerk, die skool en die bedryf wat 'n vervlegtingstruktuur vorm. Al hierdie genoemde strukture verkeer in 'n bepaalde samehang met die oog op 'n gemeenskaplike bemoontliking van opvoedende onderwys.

Die samehang of vervlegting van die strukture en die prominensie of ondergeskiktheid wat elkeen daarin het, weerspieël die seggenskap, regte, bevoegdhede, verantwoordelikhede of beperkinge wat elkeen binne die samehang toegesê is.

Ook is gesien dat die lewensopvatting van die ouer hom dring tot bepaalde verantwoordelikhede. Met die aflê van die doopbelofte het die ouer die eise van behoortlikheid aanvaar om in gehoorsaamheid aan God sy kind na behore op te voed.

Daarvolgens moet die ouer die verantwoordelikheid onvoorwaardelik aanvaar dat die opvoeding van sy kind 'n bepaalde strekking behoort te hê en dat hy moet toesien dat, al sou hy die opvoeding van sy kind tydelik in die hande van ander samelewingsverbande plaas, hierdie strekking gehandhaaf sal word.

In die volgende hoofstuk sal aandag geskenk word aan die historiese momente by wyse van eksemplaarmodelle wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in sekere tydperke sal illustreer.